

CACHET APTEEK

U Plus Aptek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
 Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!

Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:

Johan Claassen Broers

Bussie 13 Tel 25481 Inligtingsburo 4267/8 Studentesentrum 22112 x 570/1

Laaste uitgawe hierdie semester

Hoogtepunte

- Maandag, 18 Mei**
 — Romantiese Komedie.
- Dinsdag, 19 Mei**
 — Beheerraad Sportburo 14h30.
 — Romantiese Komedie.
- Woensdag, 20 Mei**
 — Sentrum vir Internasionale Politiek 19h30.
 — Romantiese Komedie.
- Donderdag, 21 Mei**
 — STUKJA N.G. Potchefstroom-Noord — In Ouditorium 19h30
 — Romantiese Komedie.
 — Konservatorium: sien p2.
- Vrydag, 22 Mei**
 — Afsluiting alle lesings en Praktika.
 — Romantiese Komedie.
 — Konservatorium: sien p2.

HIERDIE is die laaste uitgawe van Die Wapad vir die eerste semester van weë finansiële probleme van die SSR en die naderende bloktyd. Die volgende uitgawe verskyn op 7 Augustus.

Binne

- Gedigte vir LENS '81 moet voor 18 Mei in wees — p 2
- Sekere geregt in die kafeteria se pryse is verminder — p3
- Die Wapad het studente se menings oor die komende kampusverkiezings ingewin — p4
- Briewe wat wissel van 'n beskuldiging dat die SSR hulle swak gedra het tydens Intervarsity, tot 'n versoek dat die biblioteek langer ure oop moet wees — p6
- In ons reeks oor koshuistadisties kom Klooster, Kulu, Kasteel en Karlien aan die beurt — p 7

Bylae: Nuwe administrasie

Nuuswenke
Algemene Nuus: Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
Koshuissosiaal: Zeldia Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
Sport: Griet Gräbe.
Kuns: Johan Myburg, Tel 6688.
Fotografie: Lynn Pretorius, Tel 4278.
Saktyd
Maandag 13h00.

Drank binnekort in kafeteria

— Petro Malan —

DRANK sal vanaf 1 Junie aan studente in die kafeteria en die dameskroeg van die studentesentrum verskaf word. Die Drankraad het 'n voorlopige dranklisensie goedgekeur.

Die drankwet vereis dat geen sterk drank toegelaat word nie. Slegs rooiwyn, witwyn, vonkelwyn, sjerrie en bier sal verskaf word. Dit sal vanaf 12h00 tot 14h00 en 18h00 tot 21h00 in die kafeteria verskaf word.

Wynlyste en spyskaarte word opgestel wat vir goedkeuring aan die Drankraad voorgelê moet word. Drank sal alleenlik verskaf word saam met 'n gekoopte ete wat kan bestaan uit 'n vleispastei, of 'n hamburger, of skyfies of groter etes.

Mnr Klaas Oosthuizen, wat verantwoordelik is vir die kafeteria, sê daar sal kontrole by die verskaffing van drank uitgeoefen word. Drank sal streng beheer word. 'n Hele bottel wyn sal nie aan een persoon verskaf word nie.

Beheer

Mnr Oosthuizen meen dat daar beter beheer oor drankgebruik op die kampus uitgeoefen kan word. Studente kan opgevoed word in die gebruik van

drank.

Wyn sal per bottel of glas, en bier in blikkies verskaf word. Die wyn sal ongeveer dertig sent 'n glas en bier teen vyf-en-veertig sent 'n blikkie verkoop word. Die pryse sal dieselfde wees as ander kampusse. Drank sal reeds oopgemaak verkoop word. Die beste gehalte wyne sal teen 'n redelike prys, wat ook die student se sak sal pas, verkoop word.

Daar is in die dorp by instansies wat drank aan studente verskaf, vasgestel wat die studente se smaak is. Die personeel se smaak is ook in ag geneem. Die Drankraad bepaal dat minstens agt verskaffers se name op die wynlys moet wees. Mnr Oosthuizen sê beperkte ruimte en hoë kostes gee aanleiding tot 'n beknopte wynlys, wat nogtans in almal se smaak sal voldoen.

Sosiaal

Die dranklisensie bied ook sosiale vooruitsigte

aan studente. Die dameskroeg sal geleenthede aanbied soos 'n Duitse aand, waar 'n vaatjie bier verskaf sal word.

Mans en dames word in die dameskroeg toegelaat en die kleredragregulasies vir klasdraaf geld ook in die dameskroeg.

Die reëls vir drankgebruik sal in die studentesentrum aangebring word.

Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, sê die dranklisensie is goed in soverre daar kontrole oor drankverkope uitgeoefen word. Drank in die kafeteria moet slegs saam met gekoopte etes verskaf word. Drank in die dameskroeg moet op sportdae en oor naweke verskaf word.

Atmosfeer

Hy sê daar moet 'n aangename, ontspanne atmosfeer in die dameskroeg heers. Southappies moet saam met drank verskaf word, wat help om 'n aangename atmosfeer te skep.

Jan-Louis sê studente moet die geleentheid nie misbruik om 'n drankprobleem vanaf die dorp na die kampus te verskuif nie. Studente moet opgevoed word in verantwoordelike drankgebruik. Slegs studente en hul gaste moet in die dameskroeg toegelaat word. Studente wat hulle wangedra moet die voorreg ontsê word om die kroeg te gebruik. Hy sê die SSR gaan misbruik van die dameskroeg nie toelaat nie.



• Dawie Kriel hou sy lyf Demis Roussos tydens intervarsity op 9 Mei waar die Puk-gees stof in RAU se oë geskop het. RAU se eerstespan het 'n oorwinning van 25-11 oor die Pukke behaal.

(Foto: Johan Victor, Potchefstroom Herald)

Puk darem wenners op pawiljoen

— Lynette Pretorius —

INTERVARSITYGEES het gesorg dat die Potchefstroomse studente wenners op die pawiljoen was.

Onder goeie leiding van die rasielers, Dawie Kriel en Jan Spies, het die studente gewys wat in hulle steek. Hulle het gesorg dat RAU se rasielers nie een in die prentjie was nie. Dawie het die fort gehou vandat die onder-twintigs begin speel het totdat die Ibbies afgedraf het. Daarna het Jan onder luide toejuiging sy toetrede gemaak.


Intervarsitytradisie is voortgesit en die Kat (Caput) se manne was die groot pretmakers van die dag. Hulle het die gras aan die ander kant van die draad baie groener gevind en hul kapperjolle daar gaan uithaal. Daar is gedans, pygeloop, handstande gedoen en heerlik saam gedirigeer. Dit is alles nog as studentepret beskou. Die polisie het toe ingegryp. 'n Paar

studente se klere is deur die polisiehonde geskeur en enkele van hulle is gebyt.

Moles

Studentepret verander toe in studentemoles. Studente meen dit was onnodig dat die polisie tussenbeide gekom het, want tot op daardie stadium is alles as blote vermaak beskou. Die polisie was toe die mikpunt van ys, eiers, bottels en alles wat oorbodig was op die pawiljoen. Koos Blomerus, voorsitter van die kanoklub, sê die teenwoordigheid van die polisie het die spontaniteit van die studente gedemp.

Daar was studente wat hulle aan drankmisbruik skuldig gemaak het, maar hulle was in die minderheid. Volgens Dawie Kriel, onderrasieler, het die studente hul samewerking gegee. Hy sê hy het geen probleme gehad met aangeklamde studente nie en in dié opsig was dit die beste Intervarsity wat hy nog as 'n Puk bygewoon het.



• Francois Potgieter en Casper Troskie probeer die nuutste stappies in die Latyns-Amerikaanse dansvernuf tot groot vermaak van die skare.

(Foto: Johan Victor, Potchefstroom Herald)

Beeldende Kunste

Letterkunde

Musiek

Teater



● Stephen en Angelique Kirk het onlangs in die foyer van die Kamertoneel 'n uitstalling van pottbakkerswerke gebou.

(Foto: Frik Schoeman)

Lens stel studente se digkuns bekend

SKRYWERSKRING gee vanjaar LENS '81, bestaande uit gedigte en prosa van studente-skrywers.

Mnr. Jan Swanepoel neem die keuring waar. Nie net gedigte van lede van Skrywerskring sal in aanmerking geneem word nie, maar alle belangstellende digters is welkom om voor Maandag 18 Mei, hulle gedigte elk op 'n afsonderlike vel papier ge-

tik en met hulle name daarby, in bussie 61 by die Inligtingskantoor te gooi. LENS sal op Vrydag 7 Augustus verskyn. Die geleentheid sal die vorm van 'n kaas-en-wyn dinee aanneem. Tydens die dinee sal gedigte uit LENS vertolk en gesing word. Die spreker tydens die geleentheid sal die digter P.H. Roodt wees.

Die mede-redakteur van Die tydskrif van Letter-

kunde en verskeie ander skrywers, onder meer Bartho Smit en Annesu de Vos sal die geleentheid bywoon.

Poësie sluit 22 Mei

DIE sluitingsdatum van Die Wapadpoësiekompetisie is Vrydag, 22 Mei. Laat inskrywings sal nie aanvaar word nie. Die reëls van die kompetisie het verskyn in nommer 11 van Die Wapad. Die wengedigte dring outomaties deur tot die nasionale ASPU-kompetisie.

RGN gee beurs aan Puk

DIE Raad vir Geestesnavorsing het vyf beurse aan verskillende universiteite in Suid Afrika toegeken. Onder die universiteite tel ook die Puk.

Die beurse wat elk etlike duisende rande beloop, is ondermeer toegeken aan die universiteite van Stellenbosch vir Sosiologie en Demografie; Kaapstad vir Argeologie; Natal vir Landbou en Potchefstroom vir Literatuurwetenskap. Prof T T Cloete staan aan die hoof van die beurs wat aan die Puk toegeken is.

Die gedrag wat in die beurs beskikbaar gestel word is so ruim dat nagraadse studente gekoöpteer kan word om te help met die werk. Die moont-

likheid dat 'n administratiewe assistent aangestel kan word, is ook 'n groot moontlikheid. Uit die beurs kan nou ook duur boeke, wat andersins nie bekostig kon word nie, aangekoop word.

Prof Cloete stel 'n hele publikasies in die vooruit-sig oor die volgende vyf jaar. Die eerste publikasie

sal 'n glossarium van literêre terme wees. Boeke oor die digkuns, die prosakuns, die dramakuns en een oor hoofbenaderingswyses in die literatuur sal die genoemde glossarium opvolg.

Prof Cloete beskryf die toekenning van die beurs as "'n wonderlike gebaar van die RGN".

Bach en Alain in orrelsaal

DALEEN Kruger lewer op Donderdagaand, 14 Mei om 20h00 'n orrelkonsert in die orrelsaal van die konservatorium.

Die konsert wat aangebied word deur die Musiekvereniging, is gereël as afskeidskonsert vir mej Kruger. Sy vertrek in September na Switserland waar sy haar M Mus-studies sal voortsit.

Mej Kruger sal werke van Bach, Sweelinck en Alain voordra tydens die konsert. Kaartjies is beskikbaar by die deure en kos R1,00.

Ensemblemusiek

Vrydagaand 15 Mei vind 'n Collegium Musicumkonsert in die konservatoriumsaal plaas. Dit bestaan uit ensemblemusiek deur die studente van die konservatorium. Dit is die eerste keer dat so 'n konsert deur die konservatorium aangebied word.

Daar is vier kategorieë naamlik 'n madrigaalgroep onder leiding van Werner Nel; 'n koor onder leiding van Pieter de Bruyn ('n derdejaar B Mus-student); 'n klavierensemble onder leiding van Truida van der Walt en 'n fluitensemble onder leiding van Dirkie Badenhorst.

Die konsert begin om 20h00 en kaartjies is beskikbaar by die konservatorium.

"Tess" slaag

— Rudolph Willemse —

DIE naam Polanski en Von Karajan dra vandag dieselfde evokatiewe krag. Die nuwe toevoeging tot Polanski se relatief klein (hoewel kwantitatief) oeuvre, is "Tess". Dit is na aanleiding van die verhaal van "Tess of the D'Urbervilles" van Thomas Hardy. Op elkeen van sy films het Polanski sy stempel afgedruk — iets waarmee redelik min regisseurs slaag.

Tess is 'n tragiese heldin wat ondergaan weens 'n karakterfout en magte van buite. Ironies egter is dat Tess se fout in haar skoonheid geleë is.

Tess is 'n spel met lig en mistigheid wat dit byna 'n David Hamilton-effek gee. So vind mens as twintigste-eeuër die huppelende kinders half oordadig. Treffend is die verbystere lig waar Tess besef dat Angel (ironiese naam)

nie haar brief ontvang het nie. Goeie grimering en groot musiek dra by tot die kwaliteit van die film. Miskien kon nog meer van Angel as fluitspeler gemaak gewees het. Dit is interessant dat Alex haar leer fluit het en dat Angel nie by die eerste geleentheid met haar "wou dans" nie.

Nastassia Kinski se spel is goed, maar nie volmaak nie.

Daar is 'n vervlakking in die draaiboek te bespeur waar die verhaal van die oorspronklike afwyk.

Hoewel Polanski hom tot die romantiese verleë, verval hy nie in die gewelddadige en die seksuele nie. Die verkragting en seksuele geskiedenis geskied by wyse van teregwyding. So sou 'n ander regisseur ook die moordtoneel kan hanteer.

Tess is myns insiens 'n klassieke toevoeging tot die jong geskiedenis van filmkuns en sal langer in die gedagtes leef as bv. "Ordinary People". Hoewel die spel in bg. film van 'n hoër standaard was, sou 'n bekroning van "Tess" as beste film nie onvanpas wees nie.

GROOTHANDEL-PRYSE!!

KIES U EIE DIAMANT EN SIT DIT IN 'N RING VAN U KEUSE
GROOT VERSKEIDENHEID
JUWELIERSWARE



HENNIE KOTZE

CREDO

JUWELIERS/JEWELLERS

LEWIS DEURLOOP/ARCADE TEL 2 1685 KERKSTRAAT 133



CULPEPER COSMETICS

Word gereken onder die beste in die wêreld — gemaak van natuurlike olie, geursels en plantekstrakte wat onderskryf word deur die Vereniging van Kruiekeners in Engeland.

*Die volledige reeks is beskikbaar by

EV'S PLACE

Gee en ontvang van geskenke sal nooit weer dieselfde wees nie.

Kerkstraat 205 (Lange Barclays Bank)

CHECKERSSENTRUM,

TEL. 24691

Debbies

Bring u die Ooste
ONS SPESIALISEER IN:


- Materiale
- Patrone
- Kramery
- Randpatrone

Studentegeregte nou goedkoper

DIE pryse van studente se geliefkoosde geregte in die kafeteria is aangepas sodat 'n basiese ete hulle minder uit die sak sal jaag, sê mnr Klaas Oosthuizen, onder wie se beheer die kafeteria val.

Die volgende geroosterde toebroodjies en burgers se pryse het verminder (ou pryse tussen hakies): Hoender en mayonnaise 60c (65c), ham 40c (50c), ham en tamatie 45c (55c), hamburger 60c (65c), kaasburger 70c (80c), en eierburger 70c (80c).

Ander geregte waarvan die pryse verminder is, is kerrie en rys R1,20 (R1,50), spaghetti bolonnaise R1,20 (R1,50), tweehonderd gram skyfies 35c (50c), vleispastei en sous 50c (60c), en slaai kos nou 20c per soort in vergelyking met die 75c vir drie soorte wat dit voorheen gekos het.



● Die pryse van sekere roostergerigte en ligte etes is verminder.

Toetse knel erg

TÉ veel toetse is deesdae die oorsaak dat klasse leegloop en sosiale "aksies" op die agtergrond geskuif moet word.

— Trudie Scholtz —

Dit is die menings van studente in die Natuurwetenskappe, Regte, Kommunikasiekunde, en

ander B.A.-rigtings, wat nie hul name genoem wil hê nie. Hulle meen die toetsrooster is onbillik.

Om twee tot drie semestertoetse per week te skryf, is genoeg om enige student tot radeloosheid te dryf. 'n Mens kry skaars tyd om van die een toets te herstel, of die volgende een is op hande.

Klagtes soos waarom daar nie vroeër in die termyn met toetse begin kan word nie en waarom daar dan so baie toetse per vak geskryf moet word, is algemeen. Die bykomende referate laat studente net dieper in die akademiese duisternis insink.

Mnr J A Steenkamp, adjunk-registrateur (Akademies) se antwoord op die kagtes is: As daar vroeër met die toetsreëls begin word, is daar nie genoeg stof om 'n sinvolle toets oor te skryf nie. Studente moet ook onthou dat die opstel van 'n toetsrooster glad nie 'n benydenswaardige takie is nie.

Daar word nie opsetlik gepoog om studente 'n harde lewe te laat ly nie.

As daar sinvolle klagtes oor die toetsrooster is, kan dit by die fakulteitsdekane ingedien word.

Student tree op in radioverhaal

DIE stem van 'n Puk-student sal binnekort in 'n Springbokradio-vervolgverhaal gehoor kan word. Riëtte Swanepoel, 'n derdejaarsstudent in Kommunikasiekunde wat 'n stemtoets by die SAUK geslaag het, het onlangs haar debuut in die sewende episode van die verhaal Geslote Lewens gemaak.

Riëtte het 'n klein rolletjie vertolk van 'n vrou wat in 'n hotel sit en gesels, maar dié rol gaan algaar te belangriker word.

Riëtte sê die regisseur, Francois van Heyningen, en ander spelers was baie gaaf. Hulle het haar dadelik tuis laat voel, al was sy baie gespanne. Sy het saam met bekendes soos Johan Botha, Klaas de Boer en Hannah Botha opgetree. Riëtte vertel dat hulle hulle werklik met gebare en gesigsuitdrukkings in die rolle inleef.

Die hele opname het vlot verloop, en Riëtte sal in kennis gestel word wanneer sy vir meer opnames benodig word.

Kulu knap haarself op

DONDERDAGAAND, 7 Mei, was die hoogtepunt van die vorige weke se harde werk om De Klerkhuis weer nuut te laat lyk. Gang 4, Straat van Verlore Drome, is deur die beoordelaars as die wengang aangewys.

Die versieringsaksie is op 'n kompetisiebasis tussen die vier gange in die koshuis gehou. Elke gang het die geleentheid gekry om met oorspronklikheid

en eie inisiatief die gang mooi te maak.

Die dames het aanvanklik nie veel belangstelling getoon nie. Hoe nader die keurdatum egter

gekom het, hoe meer belangstelling is getoon.

Woensdag, 6 Mei was die eerste beoordelingsaand. Die twee beoordelaars, die koshuisma, mev Wijnman en mev Van der Berg, het tot die besluit gekom dat hulle nie kon oordeel watter gang die beste lyk nie. Daar is toe besluit om die volgende aand weer te beoordeel maar dié keer met meer beoordelaars.

Donderdagaand het die besluit van die span van ses beoordelaars geval op gang vier. Gang twee, Lawaaidraai is in die tweede posisie geplaas.

Mnr Coetsee, wat een van die beoordelaars was, het besluit De Klerkhuis moet nuut oorgetrekte sitkamermeubels kry om by die res van die koshuis te pas.

Die aand is afgesluit met 'n geselligheid en daarna het die verskillende gange hul pryse gaan opeet.



Tydskrifte onmisbare deel van biblioteek

IN enige biblioteek, maar veral in 'n wetenskaplike een soos die universiteitsbiblioteek, vorm tydskrifte en ander reekspublikasies 'n steeds meer onmisbare deel van die versameling.

'n Al groter persentasie wetenskaplikes publiseer deesdae in vaktydskrifte eerder as in boeke, en terselfdertyd is daar al meer populêre tydskrifte wat oor haas elke onderwerp onder die son verskyn.

Die Ferdinand Postma-biblioteek stel hom ten doel om ook wat hierdie aspek van biblioteekwerk betref, nie agter te staan nie. Daar word meer as 3 000 verskillende tydskrifte op 'n lopende basis ontvang en dit sluit nie staatspublikasies in nie. In totaal besit die Biblioteek 76 731 jaargange van 4 988 verskillende tydskrifte, en dit sluit weer eens nie staatspublikasies in nie.

Wat staatspublikasies betref, besit die biblioteek 'n wyer verskeidenheid,

wisselende van staatskoerante van die Kaapkolonie so ver terug as 1806 tot by hedendaagse blouboeke, Hansard, die Staatskoerant en vele ander, beide van die Republiek en verskillende swart state. In totaal besit die Biblioteek 43 979 staatspublikasies.

Die totale aantal tydskrifte wat hier, of by enige ander universiteitsbiblioteek ontvang word, is maar 'n klein persentasie van die goed 100 000 tydskrifte wat oor die hele wêreld verskyn. Om gebruikers toegang tot die hele veld te gee, speel die Biblioteek se omvattende versameling tydskrifindekse en ekserpjoernale, tesame met die interbiblioteekleningsstelsel, 'n belangrike rol.

Onder die interessante items in die tydskrifmagasyn, is onder andere 'n volledige stel van Die Huisgenoot vanaf sy eerste verskyning in 1916 tot met die huidige. Vir enige een wat 'n studie wil maak van die ontwikkeling van die Afrikaner-leefwyse oor ses en 'n half dekades, is hier 'n goudmyn om te ontgin.



N.G. Kerkboekhandel
Tvl.

Vir al u skryfbehoeftes, teologiese en ander voorgeskrewe boeke.

Tomstraat 98 — Tel: 7401

LB SHOE CENTRE

Winkels 6 en 7 — Tel: 21541

Indiërsentrum

Spesiale aanbieding vir hierdie week!

Mans en dameskoene teen 25% afslag.

Dames fluweel insteek "Inform" teen

R14,95

Laagste pryse!
Jongste modes!



WHOLESALE SUPERAMA

Pietersen Str. ● Indian Centre

● Potchefstroom — Tel: 4381

**VIR GOEIE KWALITEIT
MANSKLERE TEEN BILLIKE
PRYSE**

Mans kombershemde in verskillende kleure en fabrikate vanaf

R9,95

Gewone langmou hemde teen slegs

R5,99

Mans ferweelbroeke in bekende fabrikate soos Wrangler, Cassidy, Hang Ten, Michael Laurenz vanaf

R13,95

Gewone poliëster langbroeke vanaf

R11,95

(Ongelooflik)

Ons hou ook 'n groot reeks denim jeans aan.

Daar is ook 'n groot verskeidenheid skoene deur Watson, Medicus en Salvatore.

Ons het Watson skoene op uitverkoop waarop u 20% afslag kry op die groothandelprys!

Driestukpakke vanaf

R59,99

Trevira en wolpakke teen

R79,99

KOM KOOP NOU EN SPAAR. ONS GEE U DIENS MET 'N GLIMLAG

die WAPAD

Republiekfees vol sports

Republiekfees word op ons kampus gevier met 'n seremonie deur die Weermag, 'n paar wedstryde in verskillende sportsoorte, 'n gesamentlike ete en vetpret ('n komiese mengsel van sport en sports). Dit word aangebied deur Kultuurraad in samewerking met Sportraad en die portefeulje Ontspanning van die Studenteraad.

Tradisionele- en volksfeeste het blykbaar sinoniem geword met uiterste verveling. Om die maklike uitweg te kies — sport en sports — het in die eerste plek weinig blywende waarde, en laat in die tweede plek veel te wense oor aan die kreatiwiteit van studente.

Republiekfees behoort die kultuur en trots van 'n nasie te weerspieël. So 'n nasionale fees behoort

• verteenwoordigend te wees van die Suid-Afrikaanse nasie en

• blyke te gee van wat hulle doen en bereik.

In ons besondere geval moet daar behalwe bogenoemde, klem gelê word op ons situasie en gemeenskap, met inagneming van kenmerke soos geloof, taal, ouderdom, ens.

Met lede soos Alabama, Thalia, PU-koor, Musiekvereniging, Skrywerskring, e.a. sou mens, van Kultuurraad 'n aanbieding van veel meer kreatiwiteit, groter omvang en met 'n blywende trefkrag verwag.

Eksamen en vakansie

Nog net 'n paar weke lê voor om die finale voorbereidings vir die eksamen af te handel. Vir die eerste keer het ons dan die voorreg om 'n gedeelte van die vakke af te skryf — en die verantwoordelikheid om te sorg dat ons die res van die jaar kan aangaan met ons studies.

Die redaksie wens u 'n aangename vakansie toe — ons hoop u keer almal fris, gesond en lus vir u werk terug!

HOOFREDAKTEUR: Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makouvlei. Tel. 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.

Boodskappe kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.

Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h30



Jakobus 2 : 14-26

Teksters: Jakobus 2 : 18 "Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon."

Jy sê jy is 'n Christen. Daarmee neem jy Christus se Naam op jou. Sy Naam sê iets van sy Wese. Hy is die Verlosser, die Saligmaker. Hy het gely en gesterwe en is deur God verlaat sodat die gelowiges, God se kinders, nooit deur God verlaat sal word nie. Jy moet nou jou lewe as 'n lewende dankoffer aan Hom toewy vir die genade van die verlossing van sonde wat Hy jou gegee het. Jy moet teen die sonde en die duivel stry en net vir Christus lewe. Het jy die geloof? Ken jy God? Hou jy vas aan God se belofte? Lewe jy uit die geloof? Dan sal jy na hierdie lewe in ewigheid saam met Hom regeer (Heidelbergse Kategismus vraag 32).

Maar as jy saam met hierdie wêreld leef, in die koshuis, op die kampus of waar ook al — jy vloek, beledig jou naaste — doen jy die werke van die vlees. "En die werke van die vlees is openbaar naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid . . . afguns, moord, dronkenskap, brassery . . ." (Galasiërs 5 : 19, 21). Dan skryf die apostel Johannes ook: "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons Sy geboorte bewaar. Hy wat sê: ek ken Hom — en sy geboorte nie bewaar nie — is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie" (1 Johannes 2 : 3, 4). As jy nie God se geboorte bewaar nie en jy sê jy is 'n Christen, dan lieg jy en is die waarheid nie in jou nie.

Ons moet God se geboorte bewaar, ons moet in pas lewe met die Heilige Gees wat die geloof in ons harte bewerk, nie om God se guns te wen nie, nie goeie werke doen om die saligheid te verkry nie, néé. God het jou in Christus die saligheid gegee, Hy gee aan jou die geloof en uit dankbaarheid daarvoor doen jy goed. Geloof sonder die werke is dood. Goeie werke, of liewer dankbaarheidswerke, as vrug van die geloof, versier dan jou lewe.

Jy wat sê jy is 'n Christen, verkondig jou lewe van die geloof wat in jou is?

Piet Lourens



Napoleon het sy Waterloo gehad . . . die Pukke hul sjampanjeloos.

Politieke mening is wel nodig

WANNEER 'n student vir 'n bepaalde kandidaat stem, dink (moet?) hy gewoonlik aan die volgende: sy beleidsverklaring, sy vermoë en dit wat hy/sy reeds bereik het. In die afgelope tyd, het 'n kandidaat se politieke siening 'n al hoe groter rol begin speel.

Politieke standpunt skep probleme, omdat slegs een groep se standpunt gehuldig word. Daarom is dit 'n oop vraag of kandidate politieke standpunt moet wees.

Annatjie du Plessis voel dat 'n SR-lid nie sy politieke standpunt op die

studentegemeenskap mag afdwing nie. Sy is egter van mening dat hy persoonlik politieke standpunt moet raak.

Hiermee stem Pieter Cronjé saam, omdat politieke tweespalt aan die hand gewerk word. Dit gee weer aanleiding tot politieke groeppvorming, aldus

Ansa Coetzee. Volgens Christie Roets moet 'n SR-lid objektief kan staan. Daarom is dit ongeoorloof om 'n politieke standpunt in te neem.

Ofskoon 'n SR-lid dus persoonlik politieke standpunt mag raak, is Rina Vermeulen van mening dat politieke groeppvorming wel 'n rol speel tydens 'n SR-verkiezing. Volgens Charmain Jordaan sal stu-

dente tot eie nadeel, onder 'n verkeerde indruk kom as 'n SR-lid nie in die openbaar kant kies nie.

'n Studenteraad moet dus onthou dat wanneer politieke standpunt ingeneem word, hulle onmoontlik nie almal tevrede kan stel nie. Hulle moet oppas om nie die SSR as platform te gebruik vir die verkondiging van eie politieke sienings nie.

Verkiesings

DIE Wapad se diepteredaksie het met die oog op die huiskomitee- en studenteraadverkiezing in Augustus en September ondersoek ingestel na wat van 'n kampusleier verwag word: sy karakter en voorkoms, asook sake soos verkiesingsbeloftes en politieke betrokkenheid. Moet die beste leier of die mees gewilde leier verkies word? Victor van Aswegen en Deona du Plessis het studente om hul menings gevra, en Gerrie Snyman het die inligting verwerk en die berigte geskryf.



• Dis binnekort weer studenteraadverkiezing. Hoe moet die kieser weet vir wie om te stem? In die berigte hiernaas gee studente hul menings.

Dames soek vaal, sjarmante leiers

AL die vaal manne op die kampus met dryfkrag, julle kan maar vir die SR staan.

Die dames heg nie baie waarde aan fisiese voorkoms nie. Al wat tel is dat jy intelligent moet wees met 'n mate van sjarme.

Dames hou van manne wat eerlik is. Manlike kandidaat moet standvastig en behulpsaam wees. Hy moet egter sy sê kan sê voor 'n gehoor.

Hy moet baie vriende hê en 'n ware Puk wees. Buiten 'n goeie humorsin, moet hy 'n gelykmatige geaardheid hê.

O ja, dan moet hy nie te eng wees nie . . .

Leiers moet kan dink

STUDENTE stel hoë eise aan die karakter van voornemende SR-lede. 'n Voornemende SR-lid moet met sy twee voete plat op die grond staan, 'n Christen en 'n Afrikaner wees.

Ben Truter sien dit so: "Aangesien die Puk 'n Christelike Universiteit is, behoort sy studente leiers die Christelike beginsels te handhaaf. 'n SR-lid moenie net 'n oortuigde Calvinis wees nie, maar ook die belange van die Afrikaner op die hart dra".

Naas Ferreira sê 'n SR-lid moet hom nie verheve

beskou bo ander studente nie. Dawie Malan voeg by: "Hy moet bereid wees om te luister na ander persone wat meer praktiese ondervinding het as hyself".

'n Studenteleier moet bo alles 'n denkende mens wees, 'n sekere mate van logiese vermoë besit, aldus Rudolph Willemsse. Hanlie van Niekerk wil hê 'n voornemende SR-lid moet studente se behoeftes kan verstaan.

Of daar sulke mense op die Puk is, gaan volgende semester gesien word. As jy dus wil staan, onthou, die eise is hoog.

Beloftes, maar niks gebeur

"'n Belofte is 'n belofte, en mag nooit verbreek word nie".

Ten spyte van hierdie spreuk, het menige SR-lid in die verlede al die son, maan en sterre belowe. Maar as daar na die Puk gekyk word, het ons alles behalwe die son, maan en sterre gekry.

Die vraag ontstaan dus of 'n SR-lid wel enigsins 'n belofte mag maak.


Ronelle Swart is van mening dat 'n voornemende SR-lid slegs beloftes mag maak as hy of sy redelik seker is dit kan uitgevoer word. As hy dit nie kan uitvoer nie, is dit im-

mers nie sy skuld nie.

Hierteenoor voel Marco Smith dat verkiesingsbeloftes leeg is, en moeilik om te realiseer. Christee Roets pleit daarvoor dat 'n kandidaat slegs riglyne moet stel waarna gestreef sal word.

Rudolph Willemsse is baie pessimisties oor beloftes. Verkiesingsbeloftes moet beperk word tot uitvoerbare beleidsverklarings; 'n goeie voorbeeld van 'n belofte wat nie uitgevoer sal word nie, is "Ek gaan die verbod op dans ophef".


Administrasie gebou



● Studente in die lokaal wat so ingerig is dat hulle by die verskillende toonbanke byna al hulle sake kan afhandel – van rekeninge betaal tot diktate koop.



● Die oortrek na die nuwe gebou . . . of is dit die Groot Trek?



● Die hopies grond wat so bekyk word moet nog gebruik word om die blombakke te vul. Die binnehof sal later gebruik word vir onthale.

R3 miljoen-gebou is funksioneel

DIE Administrasiegebou wat pas betrek is, is nie ontwerp om luuks te wees nie, maar funksioneel, sê die argitek mnr. Arend Müller. Dit is ook die enigste gebou op die kampus wat die naaste aan die ooreengekome kontraktyperk voltooi is — ondanks vertragings soos die herbeplanning van die binne ruimte, om geld te spaar.

Bouwerk was ook 'n tyd lank stopgesit omdat die Staat sy bydrae vir alle universiteitsgeboue onder konstruksie ingekort het.

Die gebou is in alle opsigte funksioneel. In die kelderverdieping is parkeerruimte vir 'n beperkte aantal motors, toiletgeriewe vir swart werkers en ruim pakeplek.

Die hele grondvloer is ingerig vir registrasie van studente. Die fakulteitsekretaris, kassieres en diktate-afdeling is almal daár ingerig sodat dit as't ware 'n eenstopdiens vir die studente sal wees. Daar is gerieflike skryfplekke waar al die verskillende vorms beskikbaar sal wees sodat probleme soos inskrywing, betaal van registrasie- en ander gelde en die kry van vorms nou opgelos sal wees.

Posafdeling

Op elke verdieping is twee afvalskagte wat die skoonmaak van die gebou sal vergemaklik. Die posafdeling is ook so ontwerp dat personeel enige tyd van die dag of nag daar sal kan pos uithaal.

Die Administrasiegebou beskik oor 'n binnehof waar onthale gehou sal kan word. Bokant is 'n glasdak sodat dit die ideale klimaat vir 'n kweekhuis vir seldsame plante skep. Landskapsargitekte het die tuin in die binnehof ontwerp en hoewel daar in 'n stadium bekommernis was dat die ruimte te warm sal wees, het die luke bo in die sondak dieselfde funksie as 'n skoorsteen sodat dit in die somer koel en in die winter warm sal wees.

Statistiek

'n Aantal interessante verwerkte gegewens oor die gebou is: Sesduisend kubie-

ke meter grond is vir die kelderverdieping uitgegrawe; dit is gelyk aan sesduisend bakkievragter.

Die mat-teëls wat gebruik is vir die 203 kantore, is genoeg vir die vloerbedekking van twintig drieslaapkamerhuise. Die onderdak ruimte van die grond-, eerste- en tweedevloer is gelyk aan 56 drieslaapkamerhuise en die vensters in die gebou is genoeg vir twintig drieslaapkamer woonhuise.

Agtien standaard woonhuise kan van die 700 000 stene wat gebruik is, gebou word.

Afremosia-hout is deurgaans gebruik, behalwe vir die kiaatlessenaar wat vir die Rektor gemaak word. Daar is heelwat bespaar met die meublement van die gebou deurdat die Tegnieke Afdeling van die Universiteit alles self gemaak het.

Prof Postma

Die borsbeeld van die eerste rektor, prof. Ferdinand Postma, (rektor van 1921 af tot 1950), wat in die hoofingang staan, is deur 'n plaaslike beeldhouer, mnr. Jo Roos, gemaak. Die argitekte se skenking aan die Universiteit, 'n vlekvrystaal-ontwerp, is ook deur 'n Potchefstroomse kunstenaar, mnr. Hannes van der Walt, gemaak.

Die beton-reliëfbeeldhouwerk in die voorportaal, wat 'n strukturele eenheid vorm, is geskep deur mnr. Barend Grobelaar, lektor in Beeldende Kunste aan die Universiteit. Dit simboliseer die hele universiteit en sy aktiwiteite wat in diens van die maatskappy staan.

Die gebou is teen 'n koste van byna R3-miljoen voltooi.




● Studente aan die beweeg in die voorportaal.




● Nog nie eers behoorlik ingetrek, reggeskuif of uitgepak nie, maar sommer dadelik aan die werk!

Grondvloer



Naam	Kamer Nr
Rektor	101
Mev G C Gerber	102 Rektor Sekr.
Wagkamer vir Raadsaal	104
Raadsaal	106
Kombuis	108
Mev C Engelbrecht	109 Vise-Rektor Sekr.
Prof J S du Plessis	110 Vise-Rektor
Mev M C Crous	111 Vise-Rektor
Prof N J Swart	(F & B) Sekr
	112 Vise-Rektor
	(F & B)
Prof E J Smit	114 Registrateur
Mev I M de Villiers	115 Registrateur Sekr
Mnr W C Windell	116 Afd Fondswerwing
Mev P J Campbell	117 Afd Fondswerwing
Mnr W M van der Westhuizen	118 Afd Fondswerwing
Rekords	119
Mej A F Fourie	120 Afd Fondswerwing
Mnr L J E Venter	121 Afd Fondswerwing
Mnr P J J Venter	122 Afd Fondswerwing
Onthaallokaal	123
Mnr P S van der Merwe	124 Afd Fondswerwing
Mev L A Scheepers	125 Afd Fondswerwing
Geheue-tikmasjienkamer	126
Militêre Skakeling rekords	128
Mej E J Smith	130 Redaksionele Assistent
Kluis	131
Spaar	132
Mev D Siebert	133 Afd Openbare Betrekking
Mnr R W Ingram	134 Afd Openbare Betrekking
Mnr S Geertsema Direkteur	135 Kampusdienste
Kampusdienste	136 Kampusdienste Sekr
Mev I Meiring	137
Pakkamer	138 G & T
Mnr W H Kloppe	(Beplanning)
Kol P J van der Walt	139 Buro Mil Skakeling
Mnr J J Botha	140 G & T (Beplanning)
Mev S M Viljoen	141 Buro Mil Skakeling
Mnr J C N Schoeman	142 Ouditafdeling
Mev H C Uys	144 Ouditafdeling
Vergaderingsadm	145
Mnr R C Rutherford	146 Ouditafdeling
Mnr N J Oosthuizen	147 Ouditafdeling
Mej H Duvenage	148 Organisasie Dienste
Teekamer	149
Mnr A A van de Venter	150 Administrasie
Rekords	151
Mej J C Potgieter	152 Vergaderingsadmin
Mnr J J M Verhoef	154 Administrasie
Konferensiekamer	156


Eerste Vloer



Naam	Kamer Nr
Mev P M van Tonder	2 Posafdeling
Navraekantoor	5
Mev A C Putter	6 Fakulteitsadm
Mev L M le Roux	9 Fakulteitsadm
Mev A J E Dupper	11 Studenteburo
Mnr J L v A du Preez	12 Studenteburo
Mnr M G Gibbs	13 Studente Buro
Mev S A P Rossouw	14 Studente Buro
Mnr A J van der Walt	15 Studente Buro
Ontvangslokaal	17
Spaar	18
Mnr H N Kotze	19 Studente Buro
Spaar	20
Mev C S van Niekerk	22 Fak. admin
Mev C M Weideman	23 Fak. admin
Mnr W J Pienaar	24 Fak. admin
Spaar	25
Mnr H B Coetzee	26 Fak. admin
Mev G W Minnaar	27 Fak. admin
Mnr J A Steenkamp	29 Administrasie
Mev S J Venter	30 Fin. admin
Mev M A Kriel	30 Fin. admin
Mev N de Jager	32 Fin. admin
Mev J E Joubert	33 Fin. admin
Mnr J F J de Lange	34 Fin. admin
Mev M W J Boshoff	35 Fin. admin
Mnr J J Steyn	37 Fin. admin
Mej L Seyffert	38 Fin. admin
Mev H J M Botha	39 Fin. admin
Mnr A D Putter	40 Fin. admin
Tikster	41
Mnr P J C Venter	42 Fin. admin
Mnr N B Tromp	50 Fak. admin
Mev M M Aucamp	51 Fak. admin
Mnr T P Coetzee	54 Fak. admin
Mev M J Nienaber	55 Fak. admin
Mnr D J Taljaard	57 Fak. admin
Mev M M Smit	59 Fak. admin
Mej S C A Greyling	61 Fak. admin
Mnr J P Duvenage	63 Fak. admin
Kluis	67
Diktate	68
Mej P F Blignaut	69 Fin. admin
Mev H C Jansen van Vuuren	71 Fin. admin (Diktate)

Tweede Vloer

Naam	Kamer Nr
Senaatsaal	201
Spaarkamers	202 — 221
Mnr J H van Zyl	222 Afdeling Fondswerwing
Spaar	223
Mnr J P Aucamp	224 Studenteburo
Mej M S F van der Walt	226 Studenteburo
Rekords	228
Pakkamer	229
Mej P A van Eeden	230 Buro vir Voortgesette Onderwys
Mnr H M Robinson	231 Buro vir Voortgesette Onderwys
Mnr H J Coetzee	
Direkteur Finansies	232 Fin admin
Mnr N J de W Scott	233 Fin admin
Mev H Conradie	234 Fin Admin
Pakkamer	235
Mnr D P Venter	236 Fin admin
Mev M Neuhoff	237 Fin Admin
Mev P C Scheepers	238 Fin admin
Mnr P J Moolman	239 Fin admin
Mev A M Strydom	240 Fin admin
Mej J J A Murray	241 Fin admin
Mev E du Plooy	243 Fin admin
Mej M E Labuschagne	244 Fin admin
Mej F A J M van Heerden	245 Fin admin
Mnr J J Schutte	246 Personeel
Mej M E Claasens	247 Personeel
Mev M E Botha	248 Personeel
Mnr A G Schutte	250 Personeel
Mev E A van Dyk	252 Personeel
Mnr G H Buys	254 Personeel
Spaar	256
Kombuis	258



Kort nuus

ASB-kongres

DIE ASB-kongres word vanjaar van 13 Julie tot 16 Julie op die kampus van die Randse Afrikaanse Universiteit aangebied.

Die onderwerp wat bespreek gaan word, is "Afrikanerindinamiek". Dit belooft om baie interessant te wees en studente word aangeraai om die kongres by te woon.

Die koste beloop R10 per persoon en R30 indien losies ook verlang word. Inskrywingsvorme is by die Inligtings-hokkie of by Awie Verhoef beskikbaar.

Drag in kroeg

Die bestaande voorkomsregulasies wat geld vir klas-draf-, slenter- en goedgekeurde sportdrag, geld ook in die kroeg van die Studentesentrum. Persone in beheer van die kroeg, kan studente toegang weier as hul klere-drag en gedrag nie aan die nodige vereistes voldoen nie.

CHO-konferensie

Die derde internasionale konferensie vir Christelike Hoër Onderwys word vanaf 13 tot 20 Augustus 1981 by die Dordt Kollege in Iowa, Amerika gehou.

Die tema van die konferensie is die invloed van die Marxistiese en neo-Marxistiese ideologieë vir die Christelike Onderwys. Sprekers van verskillende christelike instansies oor die wêreld sal optree, waaronder ook prof L.M. du Plessis van die Puk.

Afgevaardigdes van die Puk is proff. Tjaart van der Walt, Christe Coetzee en Rassie Smit. Prof N.P. van der Merwe is 'n afgevaardigde van die IBC, prof L.M. du Plessis van Koers, prof Bennie van der Walt van Kovsa en prof Jan van der Walt van die teologiese skool.

SGD-beursfonds

Die nuutgestigte beursfonds van SGD vir anderskleurige studente het fondse nodig. Daar word beplan om hierdie fondse te verkry uit aftrekorders van die salarisse van dosente.

SGD het 'n genootskap van dosente en studente, en dosente het nog nie eintlik 'n geleentheid gehad om hul deel by te dra nie. Die administrasieraad het toestemming gegee tot hierdie stap en studente word nou benodig om by die dosente te gaan aanklop vir hul samewerking. Studente wat belangstel moet die nodige vorms by die SGD-kantoor kry.

SGD is baie optimisties — dit is maar net 'n klein be-draggie wat maandeliks gevra word.

Dalk nuwe sweetpak

Moontlik gaan die Puk 'n nuwe sweetpak kry. Voorstelle van sweetpak-ontwerpe kan by Lukas van der Merwe, SSR-lid vir PU-kleure, ingedien word.

Republiekfees gevier met vetpret

REPUBLIEKFEES word op Woensdag 20 Mei deur Kultuurraad in samewerking met Sportraad op die kampus aangebied.

Die verrigtinge op die Fanie du Toit-sportterrein sal stiptelik om 16h00 begin. Die vlaghysingse-remonie sal waargeneem word deur die Weermag.

Die Puk-vlag sal ook gehys word.

Aanskoulike sport, naamlik 'n rugbywedstryd tussen twee damesspanne, 'n hokkiewedstryd tussen die "sluipers" asook 'n sokkerwedstryd begin net ná die opening.

Die massa-ete sal op die parkeerterrein plaasvind.

Vetpret is 'n samestel-

Raadsdialoog

oor

kampus

RAADSDIALOOG gaan vanjaar 'n nuwe baadjie aanhê.

Volgens Corné Mulder, vise-voorsitter van die SSR, gaan Raadsdialoog meer kampusgerig wees en nie soos in die verlede politiek-gerig nie. Aktuele kampusprobleme sal bespreek word om meer belangstelling by studente uit te lok.

Raadsdialoog sal vroeg in die tweede semester plaasvind.

ling van kaskenades, studentepret, spangees, watermorsery, spierinspanning tesame met oordeelkundige tydsbesteding en natuurlik genoegsame vindingrykheid.

Die mans- en dameskos-huise sal as gekombineerde spanne deelneem, en is soos volg ingedeel: Caput en Klawerhof, Hombre en Kasteel, Overs en Heide, Makouvlei en Oosterhof, Liberalia en Vergeet-mynie, Villagers en Wanda, Oppikant en Kulu, Uitspan/Heimat en Dinki, Amajuba en Karlien, Klooster en Wag-'n-bietjie.

Daar is tien items waaraan die tien spanne op 'n roterebasis sal deelneem.

Die volledige program verskyn onder op die bladsy.

Kleurbaadjies

vir na-uurse studente

NA-UURSE studente wat die Puk verlaat na die suksesvolle voltooiing van hul kursus, mag Pukbaadjies koop.

Na-uurse studente wat aan die Puk studeer mag kleurbaadjies koop na die suksesvolle aflegging van 'n mondelinge broeksamen.

Almal welkom by musiekbiblioteek

Die musiekbiblioteek in die Konservatorium-gebou kan deur alle studente gebruik word, en hulle kan selfs daar boeke uitneem.

Alle musiekhandboeke, bladmusiek, plate, bandopnames en musiektydskrifte word in dié biblioteek gehou. Daar is ook ses platesplers en twee bandmasjiene, wat aan twintig oorfone gekoppel is. Deur middel van dié oorfone kan studente dan ongesteurd na klasieke musiek van hul keuse luister. Opnames mag

egter nie gemaak word nie. Die biblioteek is week-dae soggens en smiddae oop tot vyfuur, maar sluit Vrydagmiddae om eenuur.

Mej. M. van Rooy, die biblioteekaresse, sê dat die biblioteek definitief tot nut van alle studente kan wees. Buiten musiekstudente, is daar wel 'n klein groepie wat die biblioteek gebruik, maar ander studente is altyd welkom.

REPUBLIEKFEES

Woensdag 20 Mei
Fanie du Toit-sportterrein

16h00 — 16h30 A-veld

Weermagoptrede
Vlagparade
Opening met skriflesing en gebed
Oorhandiging van grenspakkies

16h30 — 17h45 A-veld

"Sports"
Rugbywedstryd tussen twee damesspanne
Hokkiewedstryd manssluipers vs damessluipers
Sokkerwedstryd tussen twee damesspanne

17h30 — 18h30
18h30 — 21h00
21h00

Parkeerterrein Massa-ete
B-veld
Vetpret
Oorhandiging van prys aan wenners



● Marietjie Coetzee, onder-primaria van Karlien, is die karnavaldebutante vir 1981. Hier staan sy langs die kroon op al haar harde arbeid — 'n splinternuwe Opel Kadett. Marietjie het R14 395,39 ingesamel deur onder andere 'n Lenteloop vir die laerskole van Potchefstroom te reël en verdere insameling oor die tydperk van ses maande gedoen.

SSR besoek koshuise

DIE SSR is besig om koshuise as 'n groep te besoek.

sake wat met dié besoeke bespreek word.

Volgens Jan-Louis du Plooy, voorsitter van die SSR, is persoonlike koshuisbesoek noodsaaklik om kontak met die studente te behou.

Die doel van die besoeke is om aan die studente die geleentheid te gee om vrae te stel (of klagtes te noem!) oor kampussake. Betrokkenheid van studente, oriëntering en die karakter van die Puk is aktuele

Sanet's Health Shop

- Gesondheidsvoedsels
 - Verslankingsmasjiene
 - Natuurlike skoonheidsmiddels
 - Dieetvoedsels
 - Homeopatiese middels
- Malherbestraat 42
Telefoon 5444

TEL: 21936

11 OWENS LANE
POTCHEFSTROOM

DIENS IS ONS TROTS

Boutique

DRY CLEANERS
DROOGSKOONMAKERS

Elgin, Elmine Brits

Daar's baie geskenkwinkels
Maar daar's net een



**CURIOSITY
HUT**

SANTAM ARCADE
TEL. 2-4254



Besoek die hut vir

- ▲ Rare Geskenke
- ▲ Etniese klere
- ▲ Moderne Juwele
- ▲ Beursies
- ▲ Kantjies Kussings

Alle nuwe idees te sien by ons.

Jay's Uitrusters

Nuwe voorrade (pas ontvang).

Hang Ten

Tractor stewels

Denims

Koordferweel

Beste pryse in die dorp!

Winkel 4, Indiërsentrum, Tel: 8791



Bussie 13 Studenteraad

DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.

Die probleem lê by ons liedjies

Meneer

Die afgelope naweek het die Pukke op vreemde grond gaan intervarsity hou. Vir my het dit nog altyd beteken dat dit 'n dag vol pret en plesier is. Selfs al sou die eerste span dan ook verloor, beteken die gees op die paviljoen so baie.

Daar is nou egter 'n skaduwee wat besig is om oor intervarsity te trek. Die gees op die paviljoen. Dis nie teen die gees self wat ek dit het nie, intendeel... Dis teen die faktore wat bydra om die goeie gees te handhaaf, wat ek dit het.

Natuurlik sinspeel ek op die aantal liedjies wat die Pukke op intervarsity sing. Die verskeidenheid waaruit gekies kan word is net mooi ses. Hierdie liedjies word oor en oor gesing. Hoe op dees aarde raak jy entoesiasies oor 'n liedjie wat jy minstens al twintig of meer keer op een middag moes oorsing?

Waar lê die kern van die probleem? By die Pukke self! Omtrent niemand stel

meer belang om Sing-Songs by te woon nie.

Daarom kan daar ook nie nuwe liedjies geleer word nie.

Nou wonder ek maar net of daar nie iets aan die probleem gedoen kan word nie. Daar kan probeer word om die Pukke op een of ander manier te lok na die Sing-Songs. Of dit nog sal werk, is te betwyfel.

Aan die ander kant, hoekom kan die liedjies nie onder koshuise versprei word nie? Dit klink nou selfs vir my verspot, maar daar moet seker iewers

begin word anders sal die Pukke wat tien jaar terug op die kampus was, nog steeds al die liedjies ken wat daar is. Idees vir nuwe liedjies kan aan een of ander persoon gestuur word en daar kan besluit word watter die beste is.

Ek is seker die Pukke is nog steeds die universiteit met die beste gees en lekkerste kampuslewe. Maar wie wil nou intervarsity bywoon as jy nou al vir die afgelope vier jaar aanmekeer die selfde liedjies oor en oor sing? Ek vra maar net...

Annette Griesel

Ferdinand Postma: laerskoolbiblioteek?

Meneer

Om oor die fotostaat-masjiene in die biblioteek te kla, het deesdae mode geword. Nie dat ek nie simpatie het met die modebewustes nie. Maar soos 'n mode later as vanselfsprekend aanvaar word, het hierdie probleem met die masjiene ook vanselfsprekend geword — niemand steur hulle

meer daaraan nie.

Maar dit is nie oor die fotostaatmasjiene wat ek wil skryf nie. Dit gaan oor die diensure van die biblioteke op en om die kampus. Die Ferdinand Postma laat my soms dink aan ons laerskoolbiblioteek. Die juffrou sluit die biblioteek stiptelik om agtuur oop en dan mag die kinders mooi soet ingaan en boekies uitneem. En dan, ewe stiptelik, sê die juffrou die kinders moet nou vinnig uitgaan want die biblioteek maak nou toe.

Kan studente nie maar gedurende etensuur in die biblioteek gaan sit nie? Al leer hulle nie dan kan die akademiese atmosfeer dalk selfs 'n stimulerende uitwerking op hulle hê. Maar dan het 'n mens weer die probleem met stoute

studente wat toe broodjies in die biblioteek eet. Hulle moet mens dan maar slaan. Maar daar is tog seker studente wat dit sal waardeer om tussen een en twee in die biblioteek te kan werk.

En nou wil ek my eintlike saak stel. Wat van langer biblioteekure. Ander universiteite (selfs in Suid-Afrika) het 24 uur diens! Kan ons universiteite nie op dié gebied ook maar 'n bietjie aanpas nie? En wat daarvan as studente wat nagraads is konsekwent as nagraadse studente behandel word by die biblioteke van die Puk? Of het mense net beperkte voorregte vir spesifieke nagraadse kursusse?

'n Mens kan jou maar net verwonder.

A B Boek

Bult Droogskoonmakers

(Uitsig Arkade verby Volkskas)

Toon afslagkaart en ontvang afslag

Maar wat van die SR-lede?

Meneer

Soos gewoonlik het die SSR na foute gesoek tydens Intervarsity, en toe dit ook gekry. Dié keer moet die arme hulp-dirigent dit ontgeld. En natuurlik moet dit ook iets met trompoppies te doen hê — want geen man kan sy oë van daardie pragtige, slanke meisies afhou nie.

Saterdagagaand, gedurende die skemeronthaal, moeg en uitgeput soos ek was, moes ek verneem dat daar sterk moontlikheid is dat ek voor die "Tug"-komitee van die SSR moet verskyn. Die rede vir so 'n moontlike stap is die volgende: die hulp-dirigent het vir 'n oomblik, plat op sy rug gelê, tussen die trompoppies, en hom verlustig aan dit wat elkeen vir homself kan dink. Sy handeling het 'n hele wrang smaak in die mond veroorsaak, want hy moet

tog 'n voorbeeld stel.

Meneer, graag wil ek dit duidelik stel. Ek het hoegeenaamd geen bybedoeeling gehad nie. Dit was suiwer 'n grap gewees. Ek kon in daardie kort oomblikke (wat ongeveer een sekonde was) niks sien wat die mense op die paviljoen nie kon sien nie. As almal dit nie as 'n grap beskou nie is ek jammer. Party mense is meer konserwatief as ander. Maar om jammer te voel vir dit wat ek gedoen het, beslis nie.

Maar graag wil ek verder skryf wat daar gebeur het by die skemeronthaal. Toe die onthaal so 'n halfuur of wat aan die gang was en die SSR-lede moeg geraak het vir die ander gaste se geselskap, het hulle hulself onttrek en eenkant met hulle meisies of vrouens gaan sit. Hulle wat die uitverkorenes van die Puk is, het nie kans gesien om langer met die ander gaste te gesels nie. Maar toe het hulle, om

dare te wys dat hulle nog daar is, losgetrek met liedjies wat die PU-koor na amateurs laat lyk het — ongelukkig het dit geen applous ontlok nie.

Hoekom die SSR dit gedoen het, weet ek nie. Ek dink dit was uiterse swak gedrag van die kant van die SSR-lede. Toe hulle daar eenkant sit en skielik opstaan en begin sing, het menige Puk-rugbyspelers, vir wie (wat my betref) die onthaal gehou is, hulle so half skuius weggedraai en die koppe laat sak. Ek wou nie my kop oplig en kyk wat die reaksie van die RAU-manne was nie, ek was bang hulle sou sien hoe rooi ek was.

Ek dink meneer Du Plooy moet gerus in die toekoms daarop let dat die optrede van die SSR-lede by openbare geleenthede altyd so moet wees dat ons Pukke trots op hulle kan wees.

D J Kriel

Puk-neerlaag: vanweë kos

Meneer

Soos elke opregte Puk is ek ook teleurgesteld omdat Rau die rugby gewen het. Ons manne is tog behoorlik afgerig? Ek het myself in erns afgesonder en die saak deeglik bedink. My bevinding is dat ons koshuismans te veel en te lekker eet. In eenvoudiger taal gestel: hulle is ooreet. Die simptome is duidelik: Lui- en traagheid met geen vermoë om te dink nie. In plaas van te konsentreer op die spel, dwaal daar telkens iemand se gedagtes na Sondag se braaiboud en begrafnisrys, en siedaar! Nog 'n fout, nog drie punte op die Rau-telbord.

Wanneer 'n Puk-man katswink op die veld lê sien hy nie

sterretjies nie maar 'n sappige biefstuk en skyfies. En as hy nog langer lê... daardie tweede porsie roomys waarop hy nie eers geregtig is nie. (Rau vra wat is biefstuk nou eintlik — hou dit dalk verband met die Penteltuig?)

Daagliks moet kritiek aangehoor word oor die swak gehalte van Puk-koshuiskos. Menige onskuldige vlieg is al in 'n bord versuip, of wreed in 'n vleispastei gedruk. Net om aan die res te wys presies hoe swak die gehalte van die kos regtig is.

Wanneer jy weer met gebalde vuiste 'n tweede porsie vleis van 'n verdwaasde matrone afdwing, lieue sportman medestudent, dink terug aan Saterdag 9 Mei 1981. Maak die saak met jouself uit. Is jy dan nie 'n Puk wat besig is om 'n Puk-sege met mes en vork te begrawe nie?

Kospot

UIT MY MEDISYNE-TRAMMEL



Voorskrif belangrik

— Landa Oelofse —

Baie mense gaan dokter toe met kwale en klagtes wat nie 'n voorskrif vereis nie, en tog verwag hulle 'n voorskrif. 'n Voorskrif van die dokter is net nodig omdat medisyne vir die meer ernstige kwale nie daarsonder uit die apteek bekom kan word nie.

Sommige mense glo in die voorskrif maar andere glo weer dat die voorskrif van die dokter vir hulle niks werd is nie. Hulle kom net dokter toe om uit sy eie mond te hoor wat makeer en as dit nie doodsake is nie, maak die voorskrif mos eintlik nie meer saak nie. Sulke persone mors nie net hul eie tyd nie maar ook dié van die dokter.

Dit is 'n gevaarlike speletjie om nie die voorskrif by die apteek uit te voer nie want die ligte kwaaltjie kan dalk handuit ruk. Die voorskrif is juis daar om die siekte in die vroeë stadium te demp of uit te wis. Natuurlik sal jy dan, as jy weer moet terugkom dokter toe, nie aan hom sê dat jy nie sy medisyne gebruik het nie. Die dokter sal nóg meer tyd verspil om die ondersoek te herhaal, min wetende dat jy sy aanbevelings verontagsaam het.

Verder is dit van baie groot belang om die medikasie presies te neem soos dit voorgeskrif is en om die hele kursus te voltooi — al voel jy vóór die tyd al baie beter.

Tina Scholtz

Skoonheidsterapeut en Grimeer-kunstenares.

Arkade Apteek, Edgars Gebou,
Tel.: Werk: 8543 — Woning: 6523
Kerkstraat, Potchefstroom



We give free consultations on all skin and figure problems.



DISCOUNT FASHIONS

AANDAG STUDENTE!!!

Waar gaan julle vandag se jong modes kry vir gister se pryse??
NET BY ONS!

NUWE JETTA



Die ruim nuwe VW Jetta het geland.

Met 'n spogsgrootheid 520 dm³ bagasiebak 'n Ruim kajuit met nuwe standaardde van swierige binnekenmerke:

'n Omvattende toegeruste paneelbord met toerreteller en syferhorlosie (GLS-modelle). Getuente voorruit. Pluspooitapye kleuraangepas by ingevoerde veloermateriaalbekleedsel. En 'n verhitte agtervenster (GLS).

Beskikbaar in GL 4-spoed-handrat, GLS 5 spoed-handrat, GLS outomaties.

As u dus 'n motor wil loods met so 'n pragvoorkoms dat dit net deur sy indrukwekkende standaardde van ingenieurswese en ruimte oortref word...

Vlieg Metta Jetta



VW JETTA

Kerkstraat 220
Potchefstroom
Tel: 4261

Harold's Volkswagen

Koshuistradisies

Koshuistradisies

Koshuistradisies

Die Wapad is besig met 'n weeklikse diepte-onderzoek na Pukkoshuise se tradisies. Kloostertradisies vervolg hierdie week en die dameskoshuise Kulu, Kasteel en Karlien kom ook aan die beurt. Van-deesweek se artikels is geskryf deur Zelda Nel en Zelda Mocke.

Volwaardige vyande

KLOOSTER het nie baie vyande nie, maar die wat hulle het, kan as volwaardig vyandig geag word. Die twee grootste dorings in die manne se vlees kan met één woord omskryf word: "Pote". Aan die een kant is dit 'n koue oorlog wat gevoer word teen die dorp se verkeerskonstabels, en aan die ander kant is dit 'n nie-so-'n-koue oorlog met die onderwyskollege se mense. Wanneer daar 'n spoedlokal val tussens Klooster en die kampus gestel is, word dit summier oor die interkomstelsel afgekondig om sodoende verdere onaangenaamhede te vermy.

Onvoorsiene vyandige invalle word op die volgende wyse afgeweer: Is die skuldiges aan die Puk verbonde, word hulle in die swembad gegooi. Nie-Pukke word vasgekeer en elke haar op hul liggaam word geskeer.

Om van Klooster se tradisies te praat en die oudste inwoner van die koshuis uit te laat, is soos om brood te bak en die bakpoeier te vergeet. Hunk van Bimmel moet liefies nie met Rip van Winkel verwar word nie — nie alleen is hy die oudste binne Kloostergeleedene nie, maar hy is ook in beheer van die Snoepie. Sy spesiale verkoopstegniek behels kortliks dat die snoepwinkel slegs vir vyf minute oopmaak saans — dit veroorsaak 'n algehele stormloop en goeie besigheid is die noodwendige gevolg.

Om verdere spasie aan Hunk af te staan: Hy het onlangs Pa geword toe sy kat, na 'n paar weke se uitermatige obsessiet, kleintjies gekry het.

Nog 'n groot gees van Klooster is Piet Zoeloe Grote Koning Heilige Rivier Jordaan, met wie die eerstejaars telkens moeilikheid ondervind het omdat hulle nie sy hoogs eenvoudige naam kan onthou nie.

Wanneer Hennie, die prim, ernstig raak oor sy koshuis, praat hy met opsigtelike trots. Die feit dat hulle ver van die kampus is, het meer voor- as nadele, sê hy. Klooster kyk nie na ander koshuise wanneer hulle gees bou nie — hulle kweek individue.

Hoewel dit die koshuis se laaste jaar in sy huidige

milieu is (hulle verhuis aanstaande jaar na een van die nuwe manskoshuise), sal Kloostertradisies nie sneuwel nie.

KOM ons kyk hoe verskil die tradisies van drie koshuise uit die drie tydvakke uit die Geskiedenis.

Kulu beproef reeds vanaf 1948 en behou sedertdien balans en eenheid soos dit ook in hulle leuse saamgevat is.

Die Kulu-kroeg is die plek waar die dames die graagste bymekaar kom en die lekkerste gesels. Die naaste naweek aan Paasfees is daar 'n verrassingsaand wanneer almal so teen middernag paaseiers uitdeel en ontvang.

Verlede jaar het Kulu met 'n nuwe tradisie begin.

'n Trapkartoer vanaf Pretoria na Louis Trichardt.

Vanjaar word 'n soortgelyke toer beplan.

Reëndag is pannekoekdag in Kulu en met die aankoms van die lente hou die koshuis groot fees. Dit begin gewoonlik met 'n sjampanje-ontbyt en eindig met 'n groot aksie.

Eie aan Kulu is die kersboom wat jaarliks gehou word voor die eindeksamen. Al die geskenke beland in Kersvader se sak en dan is dit 'n uitdelery tot in die vroeë oggendure.

Die koshuis het hul eie resep vir 'n heerlike koshuislewe: Bestanddele:

1 klein koshuisie, 54-72 aangename vriendelike dames, armsvol goeie gees, ongeveer 2 ton humor, verdraagsaamheid, akademie, sport sosiale aksies (volgens smaak), 1 sportiewe HK, 1 KULU-kroeg, mans.

Kasteel

KASTEELDAG is damesdag. Elke jaar wanneer Tommie Tierverjaar, is dit fyn teekoppies, koeksistertjies, en tertjies so by die modeparade met mooi kleertjies en maniertjies.

As die kamers in die someraande so benoud warm is, dan dra die dames gou die beddegoed op na die balkonne waar daar

dan tot vroegoggend gekuier-slaap word.

Karliën

Karliën sê die ding wat hulle deur die jare behou het is om dit wat hulle doen, goed te doen...

As Willem Piet verjaar — dit is gewoonlik wanneer die lente aanbreek — dan hou Karliën groot sports en noem dit dan somer 'n Lentefees met osbraai, rugby, sonneskyn en volkspele.

Karliën se Huisouers gee elke jaar vir elke jaargroep 'n groot "partietjie" en dit hou hulle glo van die eetsaal weg vir die res van die week.

('N SUKSESVERHAAL)

BEGIN JOU LOOPBAAN IN DIE REKENAARWÊRELD

1



INFOPLAN is 'n gevestigde Rekenaarondererneming en is as werkgewer 'n uitstekende keuse. Ons lewer Rekenardienste aan 'n groot aantal gebruikers. Gevolglik dek ons byna elke aktiwiteitsfeer in die Rekenaarwêreld: Rekenaarbediening, Programmering, Stelselontleding, Rekenaaroudit en nog vele meer en beide kommersiële en tegniewetenskaplike velde. Ons groei teen 'n verrassende tempo en het reeds takke in die meeste hoofsentra in die land.

2

ONS BESKOU ONS WERKENEMERS AS 'N BELEGGING. Daarom skep ons deeglik omvangryke opleidingsgeleenthede vir elke werknemer en is ons bereid om jou te laat ontwikkel in die rigting waarin jy belangstel en voor aangeleë is.



3

KENNERS IS VERANTWOORDELIK VIR JOU OPLEIDING: Infoplan beskik oor 'n geregistreerde, modern-toegeruste opleidingsentrum. Jaarliks word gemiddeld 15 dae opleiding aan elke werknemer verleen. Ons kan al die opleiding verskaf om jou op die voorpunt te hou in die snel ontwikkelende rekenaaromgewing.

4

JY GENIET DIE VOORDEEL VAN VOLLE BETALING TYDENS OPLEIDING en kan onmiddellik in alle maatskappyvoordele deel.

5

ONS BEDRYF 'N MERIETESTELSEL WAT WERKPRESTASIE BELOON EN AANMOEDIG Omdat ons glo dat jy moet verdien dit wat jy werd is, het ons 'n vergoedingsstelsel ingevolge waarvan verhogings suiwer op 'n meriete grondslag toegeken word.

6

SALARIS: Voortdurende marknavorsing na salarisse buite Infoplan verseker dat ons salarisse altyd hoogs mededingend is. Ons merietestelsel verseker dat daar geen plafon op jou verdienste of ontwikkeling geplaas word nie.

7

KWALIFIKASIES NODIG VIR DIE EERSTE TREE: BSc (Rekenaarwetenskap, Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Statistiek), Ingenieurswese, B. Comm, N.T.S. IV, EDV-Diploma — of bloot die belangstelling om opgelei te word as rekenaaroperateur of programmeerder — is voldoende om te kan begin. Pas nou jou kwalifikasies toe op die uitdagings van die rekenaaromgewing — dit sal die grondslag wees vir sukses.

8

BONUS Infoplan pak sake nie halfhartig aan nie — ons bonus is 'n volle 13de tjek.

9

BEHUISINGSUBSIDIES: 'n Waardevolle voordeel wat die uitwerking van inflasie op jou verdienste beperk.



10

ANDER VOORDELE 'n Kafeteria en moderne kantore voltooi die prentjie ... met die uitsondering van



11

VOORTDURENDE OPLEIDING: Hierdeur bly jy op hoogte van die jongste ontwikkelinge in die uitdagende rekenaarwêreld, word jou waarde as werknemer verhoog en kan jou verdienste verbeter word. Sodoende bly jy tussen die voorlopers in 'n veeleisende bedryf en kan jou loopbaan se volle potensiaal 'n werklikheid word.

12

MEDIES EN PENSIOEN: Beide skemas bied omvattende voordele en sekuriteit aan jou en jou afhanklikes.

BETREE NOU DIE WEG NA 'N SUKSESVOLLE TOEKOMS! Skryf aan: Die Personeelbestuurder, Posbus 19513, Pretoria-wes, 0117 en onthou om jou volledige huisadres te meld. As alternatief, skakel Sylvana Britz nou by (012) 791877 x 421

Infoplan

Leestafels in sitkamer

Een van die dienste aan studente is die leestafels in die groot sitkamer.

Weekliks word die publikasies vervang met vars uitgawes. Die publikasies is onder meer Die Transvaler, Die Vaderland, Woord en Daad, 'n politieke publikasie, en die 'Observer' word ook daar geplaas.

Die leestafels staan in die groot sitkamer, agter die regterkantse hoek.



Intervarsity: uitslae

Gholf	
Puk 1: 3	RAU: 3
Rugby	
Puk 1: 11	RAU 1: 25
Ibbies: 13	Rautels: 13
Puk O/20 A: 16	RAU O/20 A: 6
Puk O/20 B: 7	RAU O/20 B: 10
Caput A: 3	Dromedaris A: 10
Hombre A: 10	Kanniedood A: 14
Hombre B: 10	Kanniedood B: 10
Villagers A: 22	Oppierif A: 15
Caput B: 9	Oppierif B: 6
Dawie Dup A: 18	Afslaan A: 14
Klooster B: 12	Afslaan B: 10
Amajuba A: 34	Vorendag A: 7
Pluimbal	
Puk 1: 4	RAU 1: 11
Gewigoptel	
Puk: 105	RAU: 103
Karaté	
Kumite	
Puk 33	RAU: 39
Spankata (Mans)	
Puk: 6,3	RAU: 6,6
Spankata (Dames)	
Puk: 5,7	RAU: 6,1
Individuele Kata:	
Mans:	
Puk: 3,5,6	RAU: 1,2,4
Dames	
Puk: 1,3,5	RAU: 2,4,6
Muurbal	
Mans	
Puk 1: 0	RAU 1: 5
Puk 2: 2	RAU 2: 3
Dames	
Puk 1: 1	RAU 1: 4
Puk 2: 1	RAU 2: 3
Dameshokkie	
Puk 1: 0	RAU 1: 0
Puk 2: 0	RAU 2: 0
Puk 3: 1	RAU 3: 1
Puk 4: 3	RAU 4: 0
Dameshokkie	
Wanda: 2	Skoonveld: 1
Dinki: 2	Kruinsig: 0
Heide: 1	Benjymijn: 0
Klawerhof: 6	Alomdraai: 4
Vergeet-my-nie: 2	Amper Daar: 0
Oosterhof: 0	Oorkant: 0
Netbal	
Puk 1: 22	RAU 1: 25
Puk 2: 17	RAU 2: 19
Vergeet-my-nie: 30	Benjymijn: 5
Klawerhof: 23	Alomdraai: 18
Karliën: 31	Kruinsig: 6
Dinki: 28	Skoonveld: 12
Puk O/20 A: 27	Amper Daar: 8
Puk O/20 B: 32	Oorkant: 9
Tennis	
Mans	
Puk 1: 1	RAU 1: 8
Dames	
Puk 1: 7	RAU 1: 2
Landloop	
Mans	
Puk: 56	RAU: 38
Dames:	
Puk: 29	RAU: 17
Stoei	
Puk: 5	RAU: 4
Jukskei	
Puk: 7	RAU: 8
Sokker	
Puk 1: 2	RAU: 0
Puk 2: 2	RAU 2: 0
Skaak	
Puk: 2½	RAU: 9½
Judo	
Puk: 4	RAU: 3
Kano	
Puk: 180	RAU: 147
Manshokkie	
Puk 1: 1	RAU 1: 4
Puk 2: 2	RAU 2: 0

RAU sweet teen Pukke

— Herman de Villiers —

VIR die derde agtereenvolgende jaar het RAU die intervarsity gewen, vanjaar voor 'n skare van sowat 12 000 mense. Die telling was 25-11 in die guns van die Raukies.

Een ding is seker, RAU moes werk om die Pukke in toom te hou, dit was veral in die eerste helfte wat die Pukke feitlik in al die afdelings oorheers het. Dit was veral die agterlynbewegings wat die spel gelei het. Wessel van der Merwe op heelagter, het skitter-

rend by die agterlyn aangesluit en goed vertoon. In die lynstane het André Markgraaff 'n paar skoon balle bemeester wat goed benut is deur die agterlyn. In die eerste helfte het die lynstane besonder goed gedoen en telkens deur die

Raukies se lynstane gebreek. Die goeie samespel het gesorg dat die Pukke al in die eerste paar minute 'n drie gedruk het. Die senter Herman Kleynhans het die eerste drie gedruk en Louwtjie van der Walt teken verder punte aan

met 'n strafskop. Veral Gert Smal op slot en Piet Conchar op agsteman het die losspele van RAU onder leiding van Tommie Bosch, goed in toom gehou. Die halftydtelling was 7-6 in die guns van die Pukke.

In die tweede helfte sorg Zillen Roos vir groot opwinding toe hy van 'n gaping gebruik maak en 'n pragtdrie gedruk het. Roos se kragtige lopies het die RAU-toeskouers 'n paar keer bekommerd gehad.

Uitblinkers was Zillen Roos, Louwtjie van der Walt op linkervleuel, George Moorcroft het goed vertoon teen Boela van der Merwe. Gert Smal en André Markgraaff het in die voorspelerspel hulle man goed gestaan. Wessel van der Merwe moet uitgesonder word as die speler wat almal, insluitende die keurders, se belangstelling gaande maak.

Na die tweede helfte is die bordjies verhang en het die voorspelers van RAU duidelik die voortou geneem. Baie goeie dryfspel van die RAU-spelers het bygedra tot hulle oorwinning. Hulle was gedurig op die aanval en die Pukke moes net keer.

Vir RAU het Lee Barnard en George Landsberg elk 'n strafskop in die eerste helfte oorgeklits. Mielie van Zyl en Johan Gouws het albei 'n drie aangeteken wat deur George Landsberg verdoel is. Hy het ook met nog twee strafskoppe geslaag.

Dit was 'n skoon en harde wedstryd waar geen genade getoon is nie. Daar was net een ernstige besering toe Lee Barnard vroeg die veld verlaat het met 'n skouerbesering.



● André Markgraaff het tydens die Intervarsity teen RAU uitgeblink onder die voorspelers. RAU het die wedstryd 25-11 gewen.

(● Foto: Johan Victor, Potchefstroom Herald)

Trapkarbaan kry R20 000

DIE opening van die trapkarbaan wek groot belangstelling by die publiek en die studente. Die spesiaalontwerpte baan beloof om die vaardigheid van die trapkaryers tot die uiterste toe te beproef.

Die ingebruiknemingswedren begin Saterdag 16 Mei om 14h00 en baie besoekende spanne gaan ook deelneem. Die minimale bedrag van 20 sent word as toegangsgeld gevra. Daar sal ook 'n prestigeprogram te koop aangebied word.

Die geskiedenis van die trapkarbaan sal daarin verskyn, asook die poging vanaf Beitbrug na Kaapstad.

Daar is tot onlangs 'n borg gesoek vir die baan. Geen and Richards het 'n borg van R20 000 aan die klub gegee. Elke jaar sal R2 000 aan die trapkarbaan gegee word. Die baan sal bekend wees as die Puk-Geen and Richards-trapkarbaan.

Die groot geleentheid sal deur die Rektor geopen word. Daar word verwag dat oor die tweeduisend toeskouers sal opdaag.

Atletiek eindig op hoë noot

GOEIE prestasies is vanjaar deur die Pukke op die atletiekbaan gelewer. Die goeie atletiekseisoen is Saterdag by Windhoek-Bier se prestige-byeenkoms afgesluit.

Die Springbok Piet Goosen het homself weer eens bewys as die beste diskusgooier in die land. Niemand kon vanjaar daarin slaag om Piet in die diskus te wen nie. Sy wenafstand was 58,36 m. Piet het ook 'n tweede plek behaal in die gewigstoot met 'n afstand van 16,41 m.

Stefan Greyling, Junior Springbok, het 'n tweede plek ná Lazarus Kapolo gekry in die 800 m met 'n tyd van 1,49,6. Mark Handelsman het nie deelgeneem nie, maar die Wes-Duitser Hans Allmandinger het 'n internasionale geur aan die nommer gegee.

Die driesprong is gewen deur Cilliers Botha wat 'n afstand van 14,39 m behaal het. Van die Puk-dames het Isobel Campher 'n derde plek in die verspring behaal met 5,19 m. Susan Lion-Cachet het die spiesgooi gewen met 'n afstand van 51,74 m.



● In Saterdag se wedstryd teen RAU het Wessel van der Merwe getoon dat hy onder die beste heelagters in die land val.

● Foto: Johan Victor, Potchefstroom Herald.